VERSLAG BEMARKING- EN PROJEKTEKOMITEE

2021 - 2023

KOMITEELEDE: RIANA CONRADIE
TANYA GERBER
KARIN STOFFBERG

–

Die Dameskring

1. Reglement- en Grondwetwysigings

Aan die begin van die termyn is die Reglement- en Grondwetwysigings wat aanvaar is, bygewerk. Die Reglement- en Grondwetwysigings-dokument is geformateer en inhoudsopgawes word outomaties opgedateer.

2. Korporatiewe identiteit

'n Nuwe korporatiewe identiteit is ontwikkel naamlik e-poshandtekeninge, briefhoofde en aanbiedings-template (PowerPoint). Erkenningsertifikate is ook nuut uitgelê.

3. Handleidings en vorms

Die A-Z Handleiding vir Takbesture en die Handleiding vir Uitvoerende Bestuurslede is hersien. Die komitee het voorgestel dat die handleidings nuut saamgestel moet word aangesien daar baie herhalings voorkom. Die vorms is ook hersien en daar is gepoog om dit wat nie meer relevant is nie, uit te haal.

4. Biddag vir Gesinne

Ons is dankbaar dat hierdie nasionale projek van Die Dameskring nou mooi op dreef kom. In 2022 is 'n diens in die kapel by Die Voortrekkermonument gehou. Dit was 'n besondere diens, maar nie so goed bygewoon deur DK-lede nie. Takke het in 2022 baie moeite met die Biddag vir Gesinne gedoen. Baie goeie terugvoer is ontvang. In 2023 was daar effens minder takke wat die projek ondersteun het. Karien doen jaarliks baie moeite om ander organisasies bewus van hierdie projek te maak en te sorg dat instansies dit op hulle kalender plaas. Dankie aan alle takke wat die projek ondersteun.

5. Afrikaanse Projek

Hier wil ons vir Marinda Schutte baie dankie sê. Die Heeljaar-pret afdeling het baie goed gevaar. Die Afloslees-afdeling het minder belangstelling gehad. Baie dankie aan Marinda vir hierdie oulike inisiatief en oorspronklike idees. Ons glo die Die "Hart van Afrikaans"-projek sal verfyn word deur die Afrikaanse Projek-komitee sodat ons jaarliks met die projek kan voortgaan. Dankie aan die komitee vir hulle hulp en veral aan Karen Hauman vir die moeite met die Afloslees-afdeling.

6. Spanbou-Vasvra en ander

Die groei in deelname aan ons jaarlikse Spanbou-Vasvra, wys dat die takke hierdie sáám leer en kopkrap baie geniet. Daar het 22 spanne deelgeneem in 2021 en 27 spanne het in 2022 die vasvra voltooi. Vanjaar verander die reëls sodat nie net drie lede per tak mag inskryf nie, maar die hele tak.

Drie addiosionele vasvra is deur die jaar gehou:

Februarie 2023: Op Melktertdag was daar ’n vasvra oor kosse en speserye. Die vasvra-program ProProf Quiz maker het net toegelaat dat 30 persone die vasvra voltooi. Vir die volgende twee vasvra is Quizzes for Pages gebruik.

Daar her 407 persone deelgeneem aan die Monumente-vasvra in Mei. CJ Langenhoven is op 13 Augustus 1873 gebore, 150 jaar gelede. Die Langenhoven-vasvra het saam met CJ Langenhoven se geboortedag geval en 104 persone het die vasvra voltooi. Baie dankie Tanya!

7. DK-TOERE

Die volgende toere is in die termyn aangebied:

- Voortrekkermonument: Vrijheidsmuseum
- Pretoria Jakarandastad
- Kunstoer in Groenkloof
- Pico-Gro: Eetbare plante en blomme

Die lede en nie-lede wat die toere bygewoon het, het baie goeie terugvoer gegee. Die Dameskring het drie nuwe lede deur die toere gewerf. Die toere het goeie bemarkingswaarde en gee groter sigbaarheid aan Die Dameskring.

8. DIE KOÖP

Die aanlyn winkel, Die Koöp, het op 9 Augustus 2022 haar deure oopgemaak. Baie dankie aan al die DK-lede vir die ondersteuning. ’n Nuwe handelsmerk is vir Die Koöp ontwikkel wat pragtige ontwerpe, plakkers, materiaalpatrone en logo’s insluit. Baie dankie aan die grafiese ontwerper Carla Schutte vir haar kreatiwiteit, professionaliteit en oorspronklikheid. ’n Groot aantal eie produkte is vir Die Koöp ontwikkel byvoorbeeld kaartjies, oorbelle, voorskote, vatlappies en speletjies. Daar is reeds R 66 316.00 se voorraad in die aanlyn winkel verkoop. Baie dankie aan Karien vir haar entoesiasme en harde werk en natuurlik Die Koöp-span Elphi, Marinda en Suzette.

9. KERSMARK

Die Dameskring het kennis geneem dat ’n Kersmark tydens Gelofteweek 2022 by die Voortrekkermonument aangebied gaan word. Die versoek aan die monument was dat Die Dameskring graag ’n stalletjie by die mark sal wil hê. Toe kom die vraag: “Wil Die Damesking nie die Kersmark reël nie?”. Ons het ingestem. Die Kersmark moes iets soos “Kamers” wees. Gelukkig het Dameskring raakvat-vrouens wat vir baie kans sien. Die Kersmark was pragtig en stylvol soos net Dameskring se vrouens kan doen. Om te sê dit was baie werk, is sagkens gestel. Met die verkope van die produkte wat ons hanteer het, is R143 000 ingesamel. Dankie aan Die Koöp-span maar veral aan Suzette. Suzette was grootliks verantwoordelik vir die uitstal van produkte en uitstalrakke. Boonop het Suzette goeie kontakte met verskaffers en ’n groot netwerk van persone in die besigheidswêreld. Laastens vir Karien, wat baie hard gewerk het, veral die opruim van die saal en tel en hantering van voorraad.

10. WEBBLAD

Die webblad van Die Dameskring is oorgedoen. Baie dankie aan Waldo Swart wat verantwoordelik daarvoor was. Waldo het hoë standaarde en die grafika en uitleg pas mooi in by Die Dameskring se korporatiewe identiteit.

11. NAAMBALKIES

Verskeie voorbeelde van naambalkies is gemaak met verskillende kleure en vorms. Daar is besluit op ’n spesifieke naambalkie waarvan die naam maklik leesbaar is.

12. SOSIALE MEDIA

Aan die begin van die termyn het Die Dameskring vir Carina Vermooten gekry om ons sosiale media te ontleed. Carina het ’n volledige verslag vir ons saamgestel en riglyne gegee hoe ons Die Dameskring se sosiale media kan verbeter.

Die Dameskring se sosiale media het die afgelope twee jaar drasties verbeter. Ons dank aan Karien Snyman wat verantwoordelik is vir ons sosiale media (Facebook en Instagram) asook Ilze Lammers. Dankie aan Riana Conradie vir haar oulike inisiatief met Help-die-Tannie. Dankie ook aan Ilze en Riana vir die moeite met al die plasings en veral Ilze wat verantwoordelik was vir die redigering van die video’s. Die volgende tabel dui die statistiek van die Die Dameskring se Facebook die afgelope 28 dae aan:

Facebook	
Post reach	5571
Post engagement	1568
New Page likes	10
New Page followers	23
Reactions	560
Comments	49
Shares	71
Photo views	595
Link Clicks	49

Die Damesking se Instagram het ook baie gegroei. Die volgende statistiek oor Instagram is beskikbaar: 708 posts, 136 followers, 47 following.
Baie dankie aan al die DK-lede. Dit is julle interaksies wat maak dat ons sosiale media so gegroei het. Taknuus bly steeds die gewildste plasings.

13. WAARDEPROJEK

Die Waardeprojek het vanjaar momentum gekry onder die baie bekwame leiding van Riana Conradie en die Waardekomitee. Werkswinkels is vir die volgende organisasies aangebied: Huis Andrew Murray, VGK in samewerking met die ATR, MES-organisasie, Shilo-Skole, Gemeenskap van Eersterus, Riebeeckstad- Ouers en AFM Noordheuwel.

Die evalueringsvorms/terugvoervorms is deur die jaar hersien en is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Daar is verskeie pogings aangewend vanaf Maart 2023 om die Waardeprojek te bemark asook om dit as een van die beelddraende projekte van Die Dameskring eenvormig en so professioneel as moontlik uit te dra en aan te bied. Die komitee het defnitief daarin geslaag. Daar is baie planne alreeds vir die uitbou van hierdie projek gemaak. Baie dankie Riana en die komitee vir reuse spronge.

14. TRELLO

Trello is ’n kragtige hulpmiddel om te help om projekte te bestuur en take te koördineer en organiseer. Trello is vir Die Damesking opgestel, maar ons gaan poog om dit in die komende termyn te gebruik.

15. HULP MET KOMITEES

’n Google-vorm is opgestel en ’n aantal DK-lede wat betrokke by komitees wil raak, het die vorm voltooi. Persone is gekontak. In die komende termyn gaan ons poog om die hulp beter te benut. Baie dankie aan elke lid wat hulle hand opgesteek het om te help.

16. DANKIE

Baie dankie aan Riana en Tanya vir julle passie, entoesiasme, saam dink, harde werk en vriendskap.

KARIN STOFFBERG
UITVOERENDE BESTUURSLID: GEKOÖPTEERD